17.4 RAPPORT DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING THUSOFONDS VIR EMERITI

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdrag*: Acta 2012:209, 3.1-3.3.

1.1.1 Aan die benoeme Deputate word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Thusofonds te reël kragtens die Ordereëlings hiervoor.

1.1.2 Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Sinode besluit het.

1.1.3 Emerituspredikante en emeritusweduwees is deurlopend by Thuso ingeskakel.

1.1.4 Die stand van die Thusofonds word in die aangehegte finansiële state (ongepubliseerd) weerspieël.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Deputate word benoem om die Thusofonds te bestuur kragtens die Ordereëlings soos goedgekeur deur die Sinode 2012.

2.2 Die te benoeme deputate gee uitvoering aan alle besluite deur die Sinode geneem.

2.3 Klassisse word versoek om deurlopend ondersoek in te stel of alle emerituspredikante en emeritusweduwees in elke betrokke klassis, vir wie Thuso bedoel is, wel by die fonds ingeskakel is; en om die inligting onverwyld aan die Deputate deur te gee.

2.4 Die Sinode neem met dank teenoor die Here kennis van die stand van die Thusofonds vir emeriti.

Rapporteur: